

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteeke van die kerse

Woorddiens

Tema: Oor ons leefstyl en sedes

Skriflesing: Efesiërs 4:17-5:2

Broodjies vir die pad

Die vervuldes wat my eie leegheid belig

Mariska Spoormaker

Natuurlik glimlag mense wanneer hulle tussen ander mense kom en mekaar groet. Hoekom, weet ek nie; seker maar omdat dit vir elke mens – selfs vir die hardvotiges en selfsugtiges – belangrik is dat 'n ander van hom of haar sal hou.

Maar nou val ek my eie storie in die rede. Hierdie storie gaan oor mense só vervuld in waar hulle bly en wat hulle doen dat glimlag en gaaf wees deel van hul natuur is.

Só het Cynthia daar gestaan by die knetterende vuur op 'n snerpand koue winteraand op die gasteplaas Grootnek in die Langkloof. Doodtevrede op haar eie in die vlamme se oranje gloed, glimlaggend.

Small talk is nie deel van haar, kunstenaar van Krakeel, se menswees nie; dus bly die koetjies en kalfies in die ander kamp. Haar besieling lê in die jeug wat sy drome deur kuns kan nastreef. Haar skeppingsdoel, wat sy nie dadelik op 'n skinkbord vir jou aanbied nie, maar wat ná baie vrae en in 'n rustige gesprek uitkom.

Eens was sy ook deel van die “dinamiese” lewe. 'n Wes-Kapenaar wat moet sukses hier en sukses daar. Sy het hieraan meegedoen, maar gaandeweg het wie sy werklik wil wees – iemand met 'n simplistiese lewe en kuns – die oorhand gekry.

Toe staan sy op 'n donker aand in Krakeel, skyn met die flits deur 'n huisie en sê ja, sy koop.

Dis al agt jaar gelede. Sy moes wel leer om soos die mossies van die veld te vertrou wanneer uitgawe en inkomste nie by mekaar uitgekóm het nie, maar dít, het sy geweet, is die lewe wat sy verkies.

Ek sê weer: Cynthia het my dit nie in soveel woorde vertel nie, maar dís wat ek gehoor het. Ek het gevra totdat ek die wolk van vrede om haar kon verstaan.

En die bottom line is eenvoudig: Sukses lê nie in rand en sent of aansien nie, maar in nog 'n jong siel wat 'n lig in sy of haar toekoms pad sien skyn.

Kuns is die medium, nie die eindproduk nie. Sy werk onder die radar van koerant, televisie en radio. Kry papier van dié wat nie raad met hul oorskot het nie.

Ek staan daar en voel soos 'n lafaard, want ek is een van dié wat net kalm kan voel as ek 'n versekerde inkomste het. O ja, ek het ook drome, maar die sekuriteit . . .

Ek moet hardop gedink het, want sy antwoord dat sy biddend antwoorde gesoek en gekry het. Ek kan nie die Bybelvers onthou nie, maar dit kom daarop neer dat jy nie 'n salwing op jou lewe kan verwag as jy nie is wie jy is nie.

Lewe jy nie wie jy is nie, dan lewe jy 'n gedwonge voorhouprentjie, en dan beteken jy niks vir enigiemand anders nie – nie eens vir jouself nie – want daar is geen natuurlike vloei nie.

Sy preek nie, sy deel haar lewe. En dít slaan diep in. Dieper as haar sagte glimlag.

<http://www.netwerk24.com/stemme/menings/2015-08-06-mariska-spoormaker-die-vervuldes-wat-my-eie-leegheid-belig>



Woorde van vertroosting, wat kundig gebruik word, is die oudste terapie wat aan die mens bekend is.
(Louis Nizer)



"I know that I have life
only insofar as I have love.

I have no love
except it come from Thee.

Help me, please, to carry
this candle against the wind."

(Wendell Berry)



'Cool' is die nuwe opium

Stephan Joubert

“Hoe help ek my leraar om minder cool te probeer wees?”

Hierdie vraag het my skoongeblou.

Ek het nie gedink dat hoërskoolkinders sulke vrae vra nie. Maar dit het 'n jong mens so gepla dat hy wou raad kry.

Toe besef ek opnuut ons publieke beeld of image maak te veel saak, ook in die kerk.

Die lewe verlei ons om kunsmatige beelde van gewildheid na te jaag.

“Cool” is die nuwe opium.

Ons moet die “regte” klere, toebehore en besittings hê om “in” te wees. Dis nonsens. As ons nie vrede maak met wie ons is voor God en tussen ons vriende en familie nie, dan mis ons die punt.

Dan leef ons kunsmatig.

Dan skuil ons agter vals maskers. Oor die lang termyn kos dit ons duur.

<http://www.netwerk24.com/stemme/sielsgoed/2015-08-06-stephan-joubert-cool-is-die-nuwe-opium>



In some introductory comments at one of those now-famous Villanova conferences focused on postmodern thought and religion, Michael Scanlon made this observation as he was about to moderate a dialogue between Jacques Derrida and Jean-Luc Marion: “One of Augustine’s words for the Spirit, the Holy Spirit, the Spirit of God, the Spirit of Christ, is God’s gift, the *donum Dei*. Augustine puts it very nicely, ‘God gives us many gifts, but *Deus est qui Deum dat*’ (‘God is He who gives God’).” (*God, the Gift and Postmodernism*, p.54)

[...]

Jean-Luis Chretien figures that the realization that we live off all that has gone before us and the further realization that we have the capacity to give/pass on to others is nothing less than the actual birth of one’s spirit! He writes, “Spirit becomes mine only when something in me shatters and loses itself in gift.” (*The Call and the Response*, p.44) All pretenses that “I’m on my own,” or “I don’t owe anything to anyone” shatter life like cheap glass when we admit our status as beneficiaries and realize our capacity (or perhaps our need), to give to others, as we have benefited. This admission that we participate in the vital cycle of abundance may come as lite as the “touch of an angel,” as it did with Elijah, but it will feed/sustain us for the rest of our life.

[...]

The biblical narratives could not be clearer or more basic: We were born, live now and will die as the beneficiaries (in the debt) of others; we, too, can benefit others in our own unique ways. God set this pattern in motion and, just when it was needed, sent the most unforgettable reminder of the power of generosity that could be, Jesus “in the flesh.” Its the only thing that sustains life on this earth!

<http://www.sacraconversazione.org/?p=260>

Brood vir die pad

Vereenselwiging help jou om meer poëties te leef

Wilhelm Jordaan

Lewenslange boeklesers weet hoe maklik dít gebeur – dat ’n karakter in ’n storie so met jou resoneer dat jy voel jy is daardie karakter of jy wil graag soos hy of sy wees.

So was jy in ’n sekere lewenstadium dalk so “ingeneem” deur Trompie Toerien, Saartjie Bauman, Nancy Drew, William, die Hardy Boys, Biggles, Fritz Deelman, die

Skim, Tarzan, Holden Caulfield, Blanche duBois, Willy Loman en vele meer.

Sielkundiges beskryf dié vereenselwiging met ’n karakter as ’n proses van identifikasie waardeur die nog ongevormde self vaster gestalte soek. Die self word as’t ware uitgebrei om ruimte te maak vir die wêreld van mense en dinge om jou; gedra deur die idee van: Dít is ek; dít is nie ek nie. En jy vind dan identiteit, tydelik, in ’n karakter wat as ’n model of ideaal dien. En soos wat die self algaande beslag kry, word jy meer en meer jou eie mens en verander die modelle en ideale.

Wat so met lesers gebeur, behels die ontdekking van die krag van die empatiese vermoë – om jou nuwe moontlikhede, nuwe mense en dinge te verbeel. Tot nuwe begrip te kom.

Uit dié gedagte het D.J. Opperman poësie gemaak: “Ek gee my daeliks aan die skepping oor, / soos in ’n bus op pad na die kantoor, / ek, in ’n spel van vereenselwiging, / plakkaat word, perd, visjong en die sering . . .”

Die skuiwende aard van vereenselwiging met literêre karakters word dikwels beleef wanneer ’n mens ’n boek wat jy as jong mens gelees het jare later herlees – wanneer die lewe jou geboetseer het; wanneer stroomversnellings die klippe ín jou rond omgerol het!

My vrou koester dié voorbeeld: Hoe sy op 13 verlief geraak het op die karakter Jean Valjean in ’n vertaling van Victor Hugo se *Les Misérables*. Watter meisie sou nie – die heldhaftige Valjean, wat van hongerte ’n brood steel en ’n lang tronkstraf kry. Hy ontsnap, steel ’n biskop se silwerware en laat spaander.

Later kom Valjean tot inkeer en lewe sorgsaam en vol deernis teenoor ander – met die verbete polisieman, Javert, steeds op sy spoor; ter wille van vergelding.

By die herlees ontdek my vrou die “ander” model – die biskop, die man van God, wat ’n leuen vertel deur te sê hy het die silwerware aan Valjean geskenk. Omdat die biskop iets edels in die ruwe Valjean bespeur het én ’n ander evangelie begryp het: Waarheid, slegs ter wille van die waarheid, kan ’n lewe vernietig.

Vereenselwiging, skuiwend of blywend, help ’n mens om ’n bietjie meer poëties te leef. Want uit vereenselwiging kom die hartstog van die mede-wete en medelye met als wat gegee is.

En só kom die “engel uit die klip” los ter wille van ’n genaakbaarder menslikheid. Sodat jy ook raaksien wat ’n ander raak, nadink wat ’n ander dink en navoel wat ’n ander voel.

<http://www.netwerk24.com/stemme/menings/2015-08-05-wilhelm-jordaan-vereenselwiging-help-jou-om-meer-poties-te-leef>